houding. Maar ons kan nie altyd met vertroue afgaan op die leiers, want hul is gewoonlik in die meeste opsigte vóór hul tyd. Hul is die mense egter wat die meeste in die toekoms gaan tel. Daar is egter nog 'n groot deel van die studente wat hul nog laat beweeg deur partysentiment en wat g'n daadwerkelike belang in die Naturel stel nie.

VOORSITTER: Ja, Mnr. van Winsen, ek moet U daar nogmaals op attent maak, dat die Kommissie nie besig is om 'n ondersoek in te stel na die houding van die Studente teenoor die Naturel, maar na die ekonomiese posiesie van die Naturel; ons sal bly wees as U U tot daardie kwessie sal beperk?-- Ek is byna klaar met wat ek te se het. Wat die aard van die nuwe gees betref moet ons onthou in die eerste plaas dat die Naturelle kwessie nie maklik te skei is van die politieke nie --Kristelike Verenigings is 'n uitsondering wat dit betref -- en dus die Naturelle geniet die belangstelling tot 'n groot mate omdat hul 'n deel van die politiek van 'n Party uitmaak. Dit , tot 'n mate, verklaar die afwesigheid van belangstelling in baie gevalle. In die twede plaas word die Naturel nog grotendeels in die abstrak beskou in verband met die Naturelle kwessie. Hy word minder beskou as persoon dan wel as politieke vraagstuk. Ons moet 'n liberale houding gaan inneem teenoor die naturel as indiwidu.

As U my nou sal toelaat, sal ek 'n paar woorde spreek oor die verandering wat plaas gevind het in die houding van die ~~Natue~~ Studente teenoor die Naturelle, en sal ek die rede daarvir aandui. Daar is 'n vermeerdering gewees van belangstelling en 'n ontwaking van 'n kritiese gees. Elke faktoor wat hiertoe bydra is een van die

oorsake van die verandering. Die werksaamhede van die Nasionale Unie van Suid Afrikaanse Studente het baje bygedra om 'n beter begrip te gee van die Naturelle vraagstuk; die Unie is non-politiek. Ons het ons jaarlikse Parlements sitting en ons eleksie veldtog waarby verreweg die meeste aandag aan die Naturelle vraagstuk gegee word; die gevolg is dat dit bespreking veroorsaak en diepe studie.

Daar is 'n Bantoe Studiekring gevestig in al die Universiteite van Suid Afrika; die doel daarvan is die bespreking van alle sye van Naturelle vraagstukke en ook die bewerkstelliging van 'n persoonlike kontak tusse die studente en die Naturel.

Ons het 'n Fakulteit van Bantoelogie wat drie Dosente het met sowat 50 tot 60 studente wat 'n aktiewe en wetenskappelike belang in die Naturel stel. Daar word baje persoonlik ondersoekingswerk verrig en Proefskrifte word geskryf oor die Naturelle Vraagstuk. Onderlinge debatte en besprekings vind plaas. Die Unie onthou hom totaal van alle politieke kwessies, maar die lede le hul toe op die bevordering van persoonlike kontak.

Dit is die Unie wat die "berugte" konferensie op Fort Hare georganiseer het. Ek twyfel of daar 'n mens is, wat daar teenswoordig was, wat dit beskou as 'n flater. Geen een van hul het iets anders as baat daarby ontvang nie. Hul was almaal bly dat hul die kand gehad het om te kan gaan. Daar was geen die minste blyke vertoon van ekstremisme--daar was niks anders nie as die regte gees van liberalisme. Geen een van hul het gevoel dat hul iets verkeerds gedoen het om daar teenwoordig te wees.

Ek wil ten slotte se dat al die dinge noodwendig lei tot 'n meer verligte houding teenoor die Naturel

MNR. VAN WINSEN:



ofskoon die Studente wat ek verteenwoordig op Stellenbosch erken dat daar nog ruimte is vor groot verbetering.

VOORSITTER: U het nou tamelik algemeen gepraat oor die houding van die Studente teenoor die Naturelle; sou U nou in kort ook kan aantoon in watter rigting die Studente voel dat die blanke bevolking moet gaan met die oog op 'n voorspoedige en gelukkige toekoms vir die land?--U meen wat die belasting van die Naturel behoor te wees......

Nee, ek het die woord belasting totaal nie genoem nie; wat meen die Studente behoor die posissie van die Naturel te wees as die werker......?-- Daar is twee rigtings; die ene rigting is die rigting van segregasie en die ander is die rigting van ekonomiese en parlementaire ......... Ek sou se dat 70 persent van die Studente waarskynlik nog die politiek van segregasie aanhang. Ek sou se dat die studente wat segregasie aanhang tot 'n groot mate aangespoor word deur sentiment; daar is baie wat meen dat die naturelle die kans behoor te kry om hul eie territoriale, en ekonomiese ontwikkeling te bevorder......die studente meen dat in hul eie gebied moet hul hul eie beskawing kan ontwikkel. Hul moet 'n kans kry om die Westelike beskawing oor te neem. Ons se nie dat hul sonder buitelandse invloed moet ontwikkel; maar ons se dit-- as ons die land ekonomies wil bevorder dan moet ons politiek so wees dat die naturel se koopkragte ontwikkel moet word deur hom groter loon te gee. Daar is 'n seker persent van die bevolking in Suid Afrika wat groot lone kry, maar daar is 'n ander proporsie, 'n baie groot proporsie wat lone kry wat veel te laag is.

U praat hier in u aantekenings van 'n besoek na 'Ndabeni---wat soort van ondersoek het die studente daar

gemaak?--Dit was georganiseer deur die Kristelike Studente Vereniging; hul gaat in groepe van 30 na sekere distrikte en hul doen taamlik ondersoek na die lewensomstandighede van die naturelle daar; hul sal miskien 'n paar uur lang daar wees.

Het hul rapporte daaroor geskryf?--Ja. Die posiesie is dit; die Fakulteit van Bantoelogie het 50 of 60 studente gehad, en daar die mense doen wetenskaplike ondersoek en ons verwag van hul 'n nuwe houding op naturelle gebied. Hul is wetenskaplik opgelei en sal seker nie deur politiek beweeg word.

DR. FOURIE: U se die houding van die Studente het meer liberaal geword?-- Ja.

En hul maak ondersoek na die toestande van die Naturel en na wat die Naturel eie is?--Ja; die stelling is dat sodra as 'n man begin belang te stel in die saak, dan begin hy 'n meer liberale houding in te neem.

SENATOR VAN NIEKERK: U se dat waar daar 'n liberale gees inkom daar is geen gevaar van ekstremisme?-- Ek se daar is 'n gevaar; maar die houding van die studente is nie ekstremisties nie; wat Fort Hare betref, elke student sal se dat daar verbetering gekom is deur die konferensie op Fort Hare.

Sy liberalisme is so groot en so nou, dat hy dinge sal doen wat ander mense ekstremisties sal noem; die gevaar is dat as U liberalisme te ver gedryf word, dan sal dit die Naturel in Suid Afrika meer kwaad doen as goed, want as U te ver gaan in die ene rigting, soos saam eet en saam slaap met die Naturel, en as U iets nuws inbring wat die Europeaan in Suid Afrika tot nogtoe nie geken het nie, dan sal U die Naturel se saak nie beter maak nie; U sal die bevolking in die algemeen daardeur afskrik?--Ons ontken beslis dat dit 'n geval van ekstremisme was. Die studente weet wat ekstremisme

is; daar is nie 'n enkel student wat daar was wat nie gemeen het dat wat daar gedaan was werke absoluut reg was. Dit is die algemene opinie.

Ontken U dat die nuwe ontwaking wat soos U se plaas gevind het , baje mense afgeskrik het?--Nee, ons ontken dit beslis.

DR. FOURIE: Ja, maar is dit nie so nie dat daar baje mense is wat die beweging nie kan onderstuen en wat meen dat die Studente verkeerd gehandel het?--Dit mag wees.

En as dit so is, is dit dan nie moontlik nie dat dit die Naturelle meer kwaad as goed gedoen het?--Nee, dit kan ek nie sien nie.

Daar is seker mense wat nie instem met die affaire op Fort Hare?--Ja, dit mag so wees.

---

Om 4. 30 n.m. het die Kommissie verdaag tot ø 9.30 die volgende morre.

---

In die aand het die Kommissie sekere buurte bewoon deur Naturelle in distrikte van Kaapstad besoek.

---

**Collection Number: AD1438**

**NATIVE ECONOMIC COMMISSION 1930-1932, Evidence and Memoranda**

## *PUBLISHER:*

*Collection funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.